# Gawie se Geldavontuur

Skrywer: Lané Grové



Gawie is 'n sesjarige seuntjie
wat baie slim is.
Gawie het 'n beursie met 'n
klinkel-klank.
In die beursie is drie goue
muntstukke,
geld wat hy kan spaar of
spandeer.





"Spandeer nou vir die lekker
of spaar vir iets wat lank
hou, my skat."
sê Gawie se mamma.
"Die keuse is joune!"



In die winkel sien Gawie
'n blou bonsbal.
Hy wil dit só graag hê.
Dit kos net een goue
muntstuk.
Hy het genoeg geld daarvoor.
Wat sal hy doen?






'n Pragtige blink speel renmotor
vang sy oog.
Dadelik wil Gawie dié renmotor hê,
Maar, dit kos vyf goue
muntstukke.
Hy sal baie lank daarvoor moet
spaar.



"Ek sal spaar!" roep Gawie uit.
Hy bêre sy muntstukke in sy beursie.
Dit val met 'n klinkel.
Hy gaan spaar vir daardie renmotor, dit is beslis.






Gawie help met al die huistake.
Hy help sokkies opvou, plante natmaak en vloere vee.
Hy verdien net meer en meer sakgeld!



Die muntstukke begin meer word
en sy spaarvarkie raak vol.
Maar eweskielik steek 'n
haelstorm op.
Gawie sien iets wat deur die
haelkorrels getref word.





'n Bewende, honger babakatjie,
alleen, verlore en maer.
Die katjie kyk met hartseer ogies
na Gawie en 'n sagte "miaau" geluid
kom uit sy bek.




Die katjie het dadelik kos
en 'n veearts se hulp nodig.
Gawie kyk na sy propvol
spaarvarkie en weet hy sal moet
help.






Hy gooi sy muntstukke uit.
"Enigiets vir die katjie,"
sê Gawie
Sy renmotor-droom het
verdwyn, maar hy kan gelukkig
die katjie help.



Die katjie, met die naam
Piesang,
is nou veilig en gesond.
Hy maak 'n gelukkige spin-geluid
en weet hy is geliefd.





"Gawie!" roep Mamma "Ek het vir jou 'n
verrassing."
Mamma hou 'n groot boks toegedraai in
geskenkpapier na hom toe uit.
"Vir jou vriendelikheid en omgee," sê sy.
Dit is dié renmotor wat hy so graag
wou hê.
Sy droom het waar geword.
Soos Mamma altyd sê:
"Goeie dade word beloon."



Die Einde